

## **Sing vooraf staande: Psalm 68:8, 16 (p. 333)**

- 8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgesewewe;  
by hulle is sy majesteit / 'n Sinai in heiligheid, / deur bliksemlyg omgewe.  
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning  
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.
- 16 Hoe vreeslik is U, HEER, alom / uit u verhewe heiligdom, / omring deur sterkte en ere!  
Dis Isr'els God wat wonders werk / en wat sy volk met krag versterk: / U loof ons, HEER der here!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 145:1, 4, 12 (p. 696)**

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 4 Die skitterglans wat uit u majesteit / u wonderwerk bestraal met heerlijkheid,  
gedugte krag wat ons van angs laat vrees, / u grootheid, HEER – dit sal my lofsang wees.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

## **Geloofsbelydenis Nicea**

*Na die wet sing ons van die verlossing uit ons sondes: die versoening en redding deur die  
almagtige God met Psalm 98:1, 2 (p. 488)*

Wet

## **Psalm 98:1, 2 (p. 488)**

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;  
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.  
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;  
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;  
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.  
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!  
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

## **Gebed**

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

**Amen.**

## **Psalm 138:1, 3 (p. 670)**

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,  
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.  
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

- 3 Dan breek hul saam in sangstem uit; / 'n lofgeluid klink U dan teë.  
Want groot is God in heerlijkheid; / sy majesteit in al sy weë.  
Hy slaan, hoewel oneindig hoog, / op hul die oog wat needrig lewe.  
Maar sien van ver die kleinheid aan / van grootheidswaan wat hoog wil strewe.

Skriflesing: Esegïel 43

Teks: Esegïel 43:4, 7

**En die heerlijkheid van die HERE het in die huis ingetrek deur die poort waarvan die voorkant na die ooste lê. (Esegïel 43:4 AFR53)**

**En Hy het vir my gesê: Mensekind, dit is die plek van my troon en die plek van my voetsole waar Ek vir ewig sal woon onder die kinders van Israel; ... (Esegïel 43:7 AFR53)**

Vir die Ou-Testamentiese verbondsvolk was Jerusalem en die tempel baie belangrik. Hulle het gedink dat dit inderwaarheid die HERE se hoofstad is. Daarom lees ons in Jeremia 3:17:

**In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie. (Jeremia 3:17 AFR53)**

Dis natuurlik nie so eenvoudig nie, want ons weet en hulle het toe ook al geweet dat God alomteenwoordig is.

- Maar wat wel waar is, is dat hulle gelewe het in die tyd toe die HERE met hulle as volk en met hulle stad gesimboliseer het dat Hy vir Hom 'n volk uitverkies in die geskiedenis, en dat Hy uiteindelik op die nuwe aarde onder hulle sal woon.
- Eeue later stel die boek Openbaring dit so dat daar op die nuwe aarde 'n stad sal wees met die naam Jerusalem, wat die stad van God sal wees en waar Hy onder sy uitverkorenes sal woon tot in ewigheid.
- Wat verder waar is in hierdie gedagte is dat dit baie suiwer en korrek is om God te sien as die werklike Koning en Regeerder van elke volk – 'n Regeerder wat sulke groot genade aan sy volk betoon, dat Hy hulle suiwer van hulle onreinheid, en hulle dan deurspoel met sy heiligheid.

Hierdie hoofstuk se agtergrond begin al in die tyd van koning Salomo.

- Dit gaan daaroor dat die HERE van hierdie volk verwag het om geestelik en liggaamlik rein te lewe.
- Daarmee saam het die HERE van hulle verwag dat hulle dit uiterlik sou bewys:
  - Hulle moes die tempel as gebou en ook alles rondom die tempel respekteer.
  - Miskien sit hierin 'n waarskuwing ook aan ons om nie die uiterlike dinge van ons godsdienst, soos die Jode van toe, te gering te skat nie.

Salomo het toe gegaan en aan die suidekant van die tempelkompleks sy paleis gaan bou.

- Daar was toe net 'n muur wat die koning se paleis en die kerkgebou van mekaar geskei het.
- Hierdie saak het nie juis aanklank gevind by God self nie.
- Die redes daarvoor was heeltemal verstaanbaar!
  - U moet onthou dat al die konings nie gelowiges was nie. Die afgodskultusse wat in die koning se huis beoefen is, was letterlik in 'n dodelike kontras met die tempel van God.
  - Daar was van die konings wat in hierdie paleis gebly het wat hulleself met baie ydelhede besig gehou het.

- Wanneer daar nou partytjies aan die gang was, het die mense nie net op die paleiserf gebly nie; hulle het ook rondgeslinger op die erf waarop die tempel staan.
- Dit was skandelik en ontheiligend, net soos wat so iets vandag nog skandelik en ongewens is.

Die saak het verder vererger onder konings soos Agas wat heidense afgodsbeelde in die tempel self ingevoer het.

Die HERE gebruik in hierdie hoofstuk 'n versamelnaam om al die sondes wat die volk begaan het, te benoem – hoerery.

- Daarom wyk sy heiligheid uit die tempel uit. Esegïel sien dit in 'n visioen.
- Die Here wyt dit self aan al die sondes van die volk.

So word die oordeel van God geteken.

- Die werklike Koning gee pad met sy heiligheid van sy volk af.
- Sy volk word aan Babel onderwerp, en hulle word gestraf.
  - Hulle word weggevoer, en moet oënskynlik sonder God aangejaag word na 'n vreemde land. Daar is vir hulle geen beskerming nie.

Maar dit teken nie net Israel nie.

- Dit teken die wêreldgeskiedenis.
- Dit teken die geskiedenis van Godsverlating, en godsdienstroueloosheid.
- Dit teken die heerlikheid van God wat van sy verlaters af wyk.

Maar gelukkig is dit nie al wat geskryf word nie. **God herstel sy tempel.**

- Hy maak 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waar Hy saam met sy volk bly.
- Israel keer weer terug uit ballingskap en woon met die seën van die HERE in hulle land.
- 'n Nuwe tempel word gebou.
  - Hierdie tempel is afgesonder van alle onheiligheid en onreinheid.
  - Hier trek God in met sy heiligheid. Die liggende heerlikheid van God kom uit die Ooste na die tempel toe.
  - Alles is so geweldig dat Esegïel nie op sy voete kan bly staan nie; hy stort inmekaar op sy gesig.

Dis nie vir hom onbekend om so met die HERE kennis te maak nie.

- In hoofstuk 8 tot 11 het hy die HERE ook so gesien kom, maar toe was dit om die stad te verdelg.
- Toe het die koms van God ook vir hom geklink soos baie waters wat oor 'n diep afgrond stort.
- Nou is alles weer presies so – maar daar is een baie belangrike verskil:
  - Toe het die HERE gekom om te oordeel.
  - Nou sien hy net die ligglans van God se heerlikheid wat oor die aarde straal – net genade.
  - Die HERE trek weer terug onder sy volk in!  
**Dit is die plek van my troon!**  
**Dis die plek van my voetsole!**  
**Hier wil Ek vir ewig staan!**

So trek die heerlijkheid van die HERE onder sy volk in sy tempel in!

- Die genade gaan nie weer verby nie.
- Dit bly tot in ewigheid.
- Dit is ondeurgrondelik en ewig.
- Dis so groot dat Esegïel deur die krag van God se heerlijkheid op sy gesig neerval!

***Wanneer die HERE intrek onder sy volk, dan verander die HERE sy volk. Nou sal hulle die HERE en sy Naam nooit weer kan verontreinig nie.***

Die HERE herinner Esegïel dan aan die sondes van die verlede :

- Hulle het die HERE se Naam verontreinig.
- Hulle het die HERE se Naam verontreinig met die lyke van hulle konings. Manasse en Ammon is mos op die tempelsterrein, in die tuin van die paleis, begrawe. En dit het God nie aangestaan nie.
- Die Here verwyt hulle dat die koning se huis sommer so teen syne gebou staan, en dat hulle alles verontreinig het met die gruwels wat hulle bedryf het.

Maar wat belangrik is, is dat die HERE nie meer verwyt nie, want Hy was klaar toornig:

**... sodat Ek hulle in my toorn verteer het.** (Esegïel 43:8 AFR53)

**... en Ek sal vir ewig onder hulle woon.** (Esegïel 43:9 AFR53)

Dis die hoogtepunt van die geskiedenis, wanneer ons met God herenig word. Ons ontsporings van ons verlede word uitgewis, en God maak self seker dat dit nie weer kan gebeur nie.

Kom ons pas die gedeelte toe. Wat was die eerste fout wat hulle gemaak het?

- Hulle het die kerk en die wêreld gelykgeskakel deurdat hulle die paleis so gebou het dat die kerk in sy tuin gestaan het.
- Die simboliese betekenis daarvan is dat die leiding uit die koning se huis uitgegaan het en dat die HERE maar net deur die genade en onder die reg van die aardse koning mog bestaan!
- Waak daarteen. Die eise van God mag nooit naas dié van die wêreld geplaas word nie, en ook nie afgewees word teen dié van die wêreld nie.

Prakties gaan dit net so werk dat ons nooit ons beginsels gaan prysgee nie.

- Die Nuwe Testament is baie duidelik hieroor: die tempel van God is jou liggaam!
- Al kry ons hoeveel voordeel ook al uit die lewe duskant die graf as ons ons beginsels prysgee, dan wyk die heiligheid van God van jou in die lewe hierna.
- Daar moet in jou hele lewe 'n volstreekte skeiding wees tussen wat vir God heilig is, en wat van die wêreld is.
- Dan sal ons geeneen van die res van die foute maak wat Israel gemaak het nie.
- Dan sal ons geen onrein partytjie hou waarop die tempel van God geskend word nie.

Ons kan met groot dankbaarheid na hierdie preek luister omdat God met hierdie selfde heerlijkheid reeds by ons ingetrek het.

- Eers het God die straf oor ons versoen deur sy Seun, Jesus Christus, in ons plek te straf.
  - Hy is gebore en moes lewe en uiteindelik sterf.
  - Hy moes geweldige smarte verduur – soos die Jode in ballingskap.

- Maar hulle lyding was onvoldoende; hulle kon egter terugkeer na hulle land toe omdat die kruisverdienste van Jesus Christus, wat eers later sou wees, dit vanweë die krag daarvan reeds vooruit moontlik gemaak het.
- Uiteindelik het die Here Jesus aan die kruis gesterf sodat ons sondes heeltemal versoen is.
- Hy het die afskuwelikheid van die satan se werking oor ons verbreek sodat God en sy heiligheid in ons intrek kan neem.

Daarna word die Heilige Gees uitgestort – oor die kerk.

- Maar daar is tog dié verskil – die gebou is dié keer die gelowiges, nie weer 'n gebou van klip nie.
- Ons is die kerk van die Here.
  - In ons woon en werk die Heilige Gees tot in ewigheid.
  - Hy lei ons voetval totdat ons voor die troon van God staan in Jerusalem – die Nuwe Jerusalem.
  - Dan is die uitspraak van ons teks finaal vervul.

Dan is vers 4 vir ons ook waar :

**En die heerlijkheid van die HERE het in die huis ingetrek deur die poort waarvan die voorkant na die ooste lê. (Esegiël 43:4 AFR53)**

Nou staan Hy met sy voetsole in sy kerk.

Nou woon Hy vir ewig onder ons!

Broeders en susters, kom ons lewe in die krag en die teenwoordigheid van die ewige God.

- Wie gaan ons keer as ons God van harte wil dien?!
- Wie kan ons dwing om verkeerd te raak en nie te waak teen die sondes waarteen God ons vermaan nie?!
- Mag ons hele gemeente – en elkeen van ons afsonderlik ook – God elke oomblik aanbid en verheerlik. Want sy heerlijkheid is oor ons!

**Amen.**

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1-3. (33:1-3)

- 1 Wat 'n liefde<sup>en</sup> volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,  
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!  
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,  
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond  
al die wonders ons onthul het / van die eewige vree-verbond.  
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,  
want ons sal in klare<sup>en</sup>omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,  
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.  
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde<sup>en</sup>is ongeregtheid!  
Maar ons lewe<sup>en</sup>uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**

**Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 17 Julie 2005**

**Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam**

**Datum: 27 Januarie 2013**